PERSVERKLARING

DATUM: 25 Januarie 2014

INSAKE: KERKLEIER VERSOEK OPTREDE MET BETREKKING TOT NUWE 'WETSONTWERP OP GESLAGSGELYKHEID' SE BEDREIGING VIR GELOOFSVRYHEID

'n Kerkleier van Kaapstad en woordvoerder vir 'FOR SA', Andrew Selley, doen 'n beroep op Christen-leiers in Suid-Afrika om 'n verenigde standpunt in te neem om die inmenging van die Staat in die Kerk te stop, en om die outonomie van vryheid van geloof en vryheid van spraak, wat ernstig deur die voorgestelde Wetsontwerp op Geslagsgelykheid bedreig word, te beskerm.

"Alhoewel ons die Wetsontwerp aanbeveel en onomwonde vír vroue en hulle gelykheid in die werksplek en alle areas van ons samelewing is, is daar geen uitsondering in die Wetsontwerp om die vryheid van individue en godsdienstige gemeenskappe, aan te spreek nie", se Selley.

"Indien die Wetsontwerp deurgevoer word, kan hierdie nuwe Wet kerkleiers wat Skrifgedeeltes soos Efesiërs 5:23 preek, of wat preek dat die man die hoof van die gesin is, vir tot vyf jaar tronk toe laat gaan", sê Selley.

"Die Wetsontwerp is nóg 'n poging om 'n baie gevaarlike presedent te stel vir die Staat se inmenging met en beheer van godsdienstige instellings, asook gesinslewe in Suid-Afrika," het hy bygevoeg.

"Wat ook al jou teologiese posisie, Christene van alle dele van die samelewing en verskillende geloofsoortuiginge, sal van hul vryheid van assosiasie, spraak en geloof ontneem word."

"Indien die Wetsontwerp deurgevoer word, sal dit die Staat toelaat om met die interne werking van godsdienstige instellings in te meng en uiteindelik voor te skryf hoe godsdienstige instellings Skrifgedeeltes moet interpreteer en onderrig, veral met betrekking tot die bestuur van godsdienstige instellings en die funksionering van die gesinseenheid", sê Selley.

In 'n brief aan Christen-leiers, noem Selley dat die Parlement die publiek genooi het om kommentaar op die Wetsontwerp per e-pos te stuur, vir oorweging by die openbare verhore op Woensdag, 29 en Donderdag, 30 Januarie. "Ons het die geleentheid nie net om kennis te neem van die Wetsontwerp nie, maar ook om voorstelle te maak vir die wysiging daarvan in sy huidige vorm. 'FOR SA' sal daar wees."

Selley sê, "Ons is hoop is dat, deur saam te staan, ons 'n wysiging tot die Wetsontwerp kan voorstel waardeur die Staat die outonomie van die Kerk sal erken en vrye spraak van geloofsoortuiginge sal handhaaf, en sodoende elke kerk sal toelaat om te glo, te preek, en haarself te bestuur, sonder om die wet te oortree of tronkstraf te vrees."

Kommentaar of voorstelle tot die wysiging van die Wetsontwerp, kan gestuur word aan speakup.za@gmail.com.

EINDE

Uitgereik namens FOR SA deur Pauline Sayers

Vir Verdere Inligting Kontak:

Pauline Sayers | 082 568 5117
Kommunikasie Konsultant | 021-5574667
pressoffice@forsa.org.za | www.forsa.org.za

Notas aan die Redakteurs:

- FOR SA is 'n Christelike organisasie, gestig in 2013. Dit is 'n nuut-gevormde nie-winsgewende maatskappy, tans in die proses om geregistreer en geformaliseer te word deur 'n groep besorgde Christene in Kaapstad. 'FOR SA' tree op om die outonomie van die Kerk in Suid-Afrika te beskerm, en is 'n stem vir die vrye spraak van geloofsoortuiginge, aan die regering. Die organisasie se missie is om die vrye spraak van alle godsdienstige groepe in Suid-Afrika te beskerm.
- FOR SA se visie is om ondersteuning by Christen-leiers, godsdienstige leiers, asook besorgde lede van die publiek, te werf en sodoende 'n stem te skep wat hard genoeg is om gehoor te word en om 'n positiewe impak op regeringsvlak te maak
- FOR SA is 'n akroniem vir "Freedom of Religion South Africa".